

Hoofstuk van die dag: Lukas 17

> *So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.” (vers 10)*

Die Here Jesus sê: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons kan

nie God se guns koop nie. Ons mag ook nooit moeg word of in selfvoldaanheid agteroor gaan sit as ons iets in die Koninkryk gedoen het nie. Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons doen maar net wat ons verplig is om te doen.
Dit beteken natuurlik nie dat God hard en ongenaakbaar is nie, en nie raaksien wat ons doen nie. Hierdie gedeelte praat nie oor God se houding teenoor ons nie, maar oor die gesindheid waarmee ons ons werk moet doen in Gods koninkryk. God is nie ’n slawedrywer nie. Hy sien wel deeglik raak wat ons doen. Lees gerus Luk 12:37!
God is geen koue, harde meester nie. God is ons Vader in Christus Jesus. Kom, laat ons Hom met oorgawe dien – dan sal ons op die duur ook ontdek: daar is geen groter vreugde, geen groter vervulling, as om vir God te dien nie. Dit gee die lewe sin.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026